WOENSDAG 25 MAART

SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 17:22-34
FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 17:34

Dionísius – ’n regter!

Dionísius (aan die afgod Dionisos gewy) se naam staan net een maal in die Bybel. Hy was ’n Areopagiet, wat daarop dui dat hy deel van die Areopagus-raad was, ’n raad wat regspraak moes doen. Sommige sien hom as ’n regter. Die genade wat Hy in God se reg ontvang, is dat hy van die weiniges was wat gelowig geword het toe Paulus sy bekende toespraak op die Areopagus gehou het.

As ons hierdie toespraak lees, dan voltooi Dionísius ’n merkwaardige driemanskap. Filosowe, digters, regters. Paulus was deur filosowe gekonfronteer (Hand. 17:18), Paulus verwys ook na van hulle digters (Hand. 17:28), en wanneer die hoofstuk afsluit, dan is die mooie dat ’n regter het begin om te glo in wat die Here deur Paulus in Atene wil sê en wil doen.

Dionísius wat oor andere regspraak moes doen – nou spreek God oor hom reg. Paulus het in hierdie stad in sy oerwoud van afgode wat graag in hulle veelgodedom deur hulle vryheid van godsdiens wou roem, nie net die filosowe en digters kon aanraak nie, maar God het deur Paulus ’n regter “omgekeer”, hy kom tot bekering. Die asemrowende omvang van God se skepping, die mag waarmee God regeer en die reg waarmee God verlos, dit was van die hoogtepunte wat Paulus aan hierdie Dionísius kon verkondig. Paulus kon duidelik aantoon in watter opsigte God magtig is, magtiger as al die gode waarmee hulle hulself moeg maak. God die Almagtige het *die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer* (Hand. 17:30).

Dionísius het na God geluister. Wie jy mag wees, wat jou werk mag wees, ongeag waar jy bly, God roep almal tot bekering. Die regter in ’n hof en die veër in ’n straat, die filosoof, die digter, almal luister na die een God, na die enigste God wat aan almal sekerheid gegee het, deur ’n Man (lees Jesus Christus) wat Hy aangestel het. Deur Hom gee God ons sekerheid; die sekerheid het gekom deur Hom uit die dood op te wek. Dit is al wat ons moet glo. Dit is genoeg waar jou naam by Dionísius gevoeg kan word.

Volgens oorlewering het Dionísius ná sy bekering die eerste biskop van Atene geword. Hy het later daar as martelaar vir sy geloof in Christus gesterf.

Sing: Psalm 58:1 (1936)

Ds. PJ (Petrus) Venter (Pretoria)